# GEMEENTEBULLETIN

**29 OKTOBER 2021**

## EREDIENSTE

**SONDAG 31 OKTOBER**

**Buitelug-feesdiens om 08:30**

Lukas 9:28-48 | Wie en wat is die geheim van Stellenberg se storie?

Ds. Christo Alheit (oudleraar)

Die feesdiens is ook aanlyn beskikbaar. Geen besprekings is nodig nie en genoeg stoele sal beskikbaar wees. Die familie- en meditatiewe dienste skakel ook by die feesdiens in.

## GEE ASSEBLIEF JOU MENING

Ons wil graag bepaal hoe lidmate die gemeente se funksionering tydens die Covid-19-pandemie beleef, asook die invloed wat die inperkingsmaatreëls op lidmate se persoonlike geloofslewe gehad het. Die vraelys is per e-pos aan alle lidmate uitgestuur en dit is ook op www.stellenberg.co.za beskikbaar vir diegene wat die vraelys elektronies wil voltooi. Gedrukte kopieë is by die kerkkantoor beskikbaar, asook in die voorportaal van die kerk. Stuur gerus 'n e-pos aan odette @stellenberg.co.za indien jy nie die e-pos, met die skakel na die aanlyn vraelys, ontvang het nie.

## HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Die leraarspan is diep onder die indruk van die fisiese en psigiese nood wat gesinne en individue te midde van die pandemie beleef en is bekommerd oor die moontlikheid dat lidmate moontlik nie die nodige ondersteuning ontvang nie. Indien jy nood van enige aard beleef, neem asseblief die vrymoedigheid om by hulp@stellenberg.co.za aan te meld. Boodskappe sal vertroulik en met diskresie deur slegs twee leraars hanteer word.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### NUWE LERAAR IS BEROEP

Ds. Johan Visser, tans leraar by die Woodlands Hill Gemeenskapskerk, Bloemfontein, is beroep as nuwe leraar van die gemeente. Hy sal vanaf 1 Februarie 2022 in die gemeente werksaam wees.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## VATVYF-BYEENKOMS | 3 NOV 10:30

Kom geniet 'n heerlike oggend saam met ons op Woensdag 3 Nov. om 10:30 in die kapel. Anruné Weyers, gouemedaljewenner by die Paralimpiese Spele, en ook die regterhand by die feesmark se Pannekoekhuisstalletjie, is die spreker. Jy gaan die geleenhteid kry om aan 'n goue medalje te vat. Na die praatjie kuier ons by die mark se koffiewinkel met koek, tee, koffie of cappuccino. Bespreek teen Dinsdag 2 November by Karin 021 9764519. Koste R40 (gesubsidieer)

## BOUWERK AAN DIE KOFFIEWINKEL

Die bouwerk aan die koffiewinkel begin op Maandag 8 November. Die kerkkantoor sal vanaf **8 tot 19 November gesluit** wees en open weer op Maandag 22 November.

*Coffee and Crumbs* open DV in Maart 2022. Eredienste in die kerk, kapel en aanlyn, asook kategese gaan soos voorheen voort en word nie deur die bouproses geraak nie.

## FEESMARK IS OOP TOT 6 NOVEMBER

Ons is dankbaar vir die ondersteuning wat die feesmark sover geniet. Die mark sal ook op Maandag 1 November (stemdag) vanaf 10:00 tot 20:00 oop wees.

Ondersteun asseblief hierdie groot fondsinsamelingsprojek van die gemeente. Ons het groot waardering vir lidmate se verdraagsaamheid rakende veranderinge op die kerkterrein. Die feesmark het die gemeente oor die jare heen in staat gestel om getrou aan ons roeping, 'n derde van ons gemeente-inkomste na buite aan te wend.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 1 November om 10:00 bymekaar om saam koffie/tee by die feesmark te geniet. Jy kan dié Maandag jou breiwerk gerus tuis los, ons gaan net saam kuier. Navrae: Ria McMicken 083 519 0602.

## FLESSE VOL LEKKERS

Ons samel vanjaar weer glasflesse of lugdigte houers vol lekkers, vir minderbevoorregte kinders en gesinne in. Besorg op dié wyse 'n tikkie Kersvreugde in iemand anders se lewe. Bydraes kan tot 5 November by die kerkkantoor afgegee word, of op Sondag 31 Oktober na die buitelug-feesdiens gebring word.

## FLESSE VOL HOOP

Ons wil graag oor die Kersgety glasflesse, gevul met droë bestanddele, aan minderbevoorregte gesinne skenk. Die fles bied een ete aan 'n gesin van vier.

Jy kan die projek ook ondersteun deur by die feesmark 'n bydrae van slegs R15 tot die projek te maak. Neem een van die houtskywe – by die stalletjie net voor die kasregisters waar die flesse uitgestal word – en laat dit by die kasregister skandeer om jou bydrae van R15 te maak.

Die volgende bydraes word vir die projek benodig:

- Leë glaskoffieflesse (enige soort). Ons doen ook 'n beroep op besighede om leë glaskoffieflesse in te samel en te skenk.
- Rys, droë-sopmengsel, lensies, pakkies soppoeier en aftrekselblokkies. Die droë bestanddele kan in die oorspronklike verpakking afgegee word. Die projekspan sal dit self in die koffieflesse verpak.

Bydraes moet asseblief voor of op 5 November by die kerkkantoor afgegee word.

## RUYTERWACHT KOSPAKKIES

Die Ruyterwacht Dienssentrum vir seniors samel niebederfbare produkte soos suiker, olie, meel, mieliemeel, hawermout, sojavleis, pasta, blikkies ertjies, baked beans, koffie, tee en toiletpapier in vir kospakkies wat oor die Kersgety aan minderbevoorregte bejaardes uitgedeel word. Bydraes van produkte kan tot 5 November by die kerkkantoor afgegee word. Kontantbydraes sal ook verwelkom word en kan oorbetaal word na NG kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening, 145 058 0011, verwysing RUYTERWACHT. Sluitingsdatum vir kontantdonasies is 26 November.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 4 Nov.

Jeremia 10 | Die Here is heeltemal anders.

### NAGMAAL

Sondag 31 Oktober

Psalm 116 | By die Here is daar geen beurtkrag nie.

### VROUEBYBELSTUDIE

Tydens die feesmark (18 Okt. tot 8 Nov.) word die Vrouebybelstudie Maandae om 10:00 in die kapel aangebied. Op Maandag 1 November is daar nie Bybelstudie nie.


### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE DEUR LERAARS

Luister daagliks na die stemboodskappe deur leraars, op www.stellenberg.co.za of op jou selfoon. Om die boodskappe daagliks op jou selfoon te ontvang, stuur 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou naam+van+boodskap na 081 045 2428.

## TIENDEMAANDINSAMELING EN FINANSIES

In November vind die gebruiklike tiendemaandinsameling plaas. In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend.

Dankie vir jou bydrae oor die jare heen. By die buitelug-feesdiens sal elke lidmaat 'n **sleutelhouer** ontvang ter herinnering aan sy, of haar persoonlike aandeel om gestalte aan die kerk van die Here te gee. Groot dank ook aan Faan Blom wat elke sleutelhouer met die hand gemaak het. Die onderstaande tabel toon hoe die tiendemaand-insamelings die afgelope jare daar uitgesien het.




## STELLENBERG BYBELSKOOL

Stellenberg Bybelskool bied aan: Hoop in hooplose tye. Die Bybelskool het hierdie jaar probeer aandag gee aan Bybelboeke wat ons selde lees en wil die jaar nou met 'n kort drie-weke-kursus oor die Bybelboeke Ester en Daniël afsluit. Dié twee Bybelboeke praat spesifiek met gelowiges oor hoop te midde van moeilike tye.

Datums: Maandagaand 15, 22 en 29 November 2021 om 19:00 in die kerkgebou. Aanbieder: ds. Marius Breytenbach.

Bespreek asb. by odette@stellenberg.co.za sodat ons genoeg handleidings kan druk. Koste: R20-donasie vir die gedrukte handleiding.

Dit kan by die eerste aanbieding betaal word.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Ontvang elektroniese nuus soos die weeklikse bulletin en maandelikse Stellenberger asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos deur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za te stuur.

### BANKBESONDERHEDE

NG kerk Stellenberg

ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005

### SNAPSCAN